



# AFRIKAANS HUISTAAL

**GRAAD 9**

**NASIENRIGLYNE**

**VRAESTEL 1**

**LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENTIES**

**NOVEMBER 2018**

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye


## AFDELING A: LEESBEGRIP

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute waar eenwoord-antwoorde vereis word, word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING word slegs die rede/motivering/aanhaling bepunt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord ondersteep of op een of ander wyse uitgelyig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

### VRAAG 1: ARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.1	Kaapstad is die oudste stad/hoofstad van die land.	1	1
1.2	Die benaming North Sea.. het die aardrykskunde/geografiese verwarring geskep; Kaapstad lê nie aan die Noordsee nie.	2	3
1.3	Dit is 'n plek waarheen toeriste stroom/'n plek wat toeriste graag besoek.	1	1
1.4	Jazzmusikante van verskeie lande kan by hierdie geleentheid byeenkom en in musiek uiting aan emosies en belewenisse gee.	2	3
1.5	Die fees het gegroei om aan 'n verskeidenheid jazzsoorte oor die wêreld heen 'n verhoog te bied.	2	
1.6	Freddie Cole/ Natalie Cole	1	1
1.7	Mama Afrika	1	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.8	Hugh Masekela	1	1
1.9	Die VSA-musikante het ook onderdrukking beleef/ Die VSA-musikante het ook 'n politieke apartheid beleef/ Die VSA-musikante het ook protesmusiek (Enige EEN)	1	2
1.10	Die kunstenaars by die Jazzfees is die <u>grottes</u> uit dié musiekwêreld. Wat is die <u>groottes</u> van die skoene wat julle benodig?	2	3
1.11	"Indertyd" beteken destyds/lank gelede/'n paar jaar gelede.	2	3
1.12	1.12.1 'n Veteraansanger is 'n ervare sanger. 1.12.2 Duet	1 1	3 3
1.13	1.13.1 Jy kan jou kaartjie teen die einde van Desember koop. 1.13.2 Ja/Nee <i>(Die motivering bepaal die punt)</i>	1 1	1 4
	<b>TOTAAL AFDELING A:</b>	<b>20</b>	

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - o 7 punte vir 7 feite (een punt vir elke feit)
  - o 3 punte vir taal
  - o Puntetotaal: 10
- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - o 1-3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - o 4-5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - o 6-7 feite korrek: ken 3 punte toe
- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - o 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - o 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - o Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - o Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - o Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasienier tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.
  - o Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

	AANHALINGS UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING
1	Die Jackson-broers stel in 1969 'n trefferliedjie vry. In 1972 word Michael se eerste sololiedjie vrygestel wat 'n reusesukses was.	A	Michael betree die popwêreld in 1972 met 'n solotreffer.
2	Die 1979 solo-album "Off the Wall" verkoop meer as 7 miljoen eksemplare en Michael word oornag 'n superster.	B	Sy eerste solo-album in 1979 vestig hom as 'n superster.
3	Die Grammy-toekennings maak opslae toe "Thriller" al agt Grammy's waarvoor dit benoem is inpalm. "Thriller" is die album met die beste verkope ooit – 66 miljoen eksemplare.	C	"Thriller" palm agt Grammy-benoemings in en verkoop 66 miljoen eksemplare.
4	Michael word dié ster van die 1980's.	D	Michael skitter in die tagtigs as 'n unieke superster.
5	Michael was ook medeskrywer van "We are the World" wat deur verskeie kunstenaars vir Afrika-liefdadigheid opgeneem is.	E	Hy is medeskrywer van "We are the World" ten bate van Afrika-liefdadigheid.
6	In 1993 kondig die media skok-nuus aan: sy wêreldtoer is gekanselleer weens 'n verslawing aan pynpille.	F	Sy wêreldtoerkansellasie in 1993, as gevolg van pynpilverslawing, skok sy aanhangars.
7	In 1998 woon Michael as gaskunstenaar Nelson Mandela se 80e verjaardag by. In Junie 2009 sterf hy egter op 50-jarige ouderdom.	G	Michael woon Nelson Mandela se tagtigste verjaardagvieringe as gaskunstenaar by. In Junie 2009 sterf hy tragies op vyftigjarige leeftyd.

**'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Michael betree die popmusiekwêreld in 1972 met 'n solotreffer. Sy eerste solo-album in 1979 vestig hom as 'n superster. "Thriller" palm agt Grammy-benoemings in en verkoop 66 miljoen eksemplare. Michael skitter in die tagtigs as 'n unieke superster. Hy is medeskrywer van "We are the World" ten bate van Afrika-liefdadigheid. Sy wêreldtoekansellasie in 1993, as gevolg van pynpilverslawing, skok sy aanhangars. Michael woon Nelson Mandela se tagtigste verjaardagvieringe as gaskunstenaar by. In Junie 2009 sterf hy tragies op vyftigjarige leeftyd.

**(80 woorde)**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENTIES****Nasien van hierdie afdeling**

- Spelling
  - o Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksie moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	Retro beteken iets in die verlede – ou kombi's uit 'n vorige era. <i>(Kyk na die leerling se verduideliking – hulle moet begryp dat dit 'n vorige era kombi is.)</i>	1
3.2	3.2.1 Goed 3.2.2 hutsmerk/hutsteken	$\frac{1}{2}$ $\frac{1}{2}$
3.3	Aanwysende voornaamwoord <i>(Indien die leerling die afkorting gebruik, moet dit korrek wees &gt; vnw.)</i>	1
3.4	Kindertuin/kinderkamer/kinderhuis/kindertaal <i>(Laat u lei deur die leerling se keuse. EEN voorbeeld)</i>	1
3.5	Regisseuse	1
3.6	Weer ( <i>NIE oor nie!</i> )	1
3.7	Op pad	1
3.8	Ons ry met <u>Jan tuisbly</u> se karretjie.	1
3.9	maatjie	1
3.10	ma's	1
	<b>TOTAAL</b>	<b>10</b>

**VRAAG 4: STROKIE**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
4.1	Dit is iemand wat 'n gewone situasie oor dramatiseer/dit baie erger maak as wat dit is.	1
4.2	Wo.	1
4.3	Nadat hy sy been in die ongeluk verloor het, het hy 'n <u>prostese</u> ontvang wat die beweging van 'n gewone been naboots. <i>(Die sin moet aandui dat die leerling weet wat 'n prostese is.)</i>	1
4.4	Selfstandige naamwoord (s.nw.)	1
4.5	4.5.1 Dronk 4.5.2 Rykaard/luiaard	1 1
4.6	Jankoos sê dat hy vergeet het om Ruan se geheuestokkie terug te bring; hy kan dus nie die vergadering Woensdag bywoon nie.	1
4.7	Vermoorde	1
4.8	"... moet ek <u>my</u> vermom ..." (Ek vermom <u>my</u> )	1
4.9	doodbang Ek was doodbang vir die mamba.	1
	<b>TOTAAL:</b>	<b>10</b>

**VRAAG 5: ARTIKEL**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1	Ons neem graag deel aan buitemuurse aktiwiteite. <i>(Kyk na die sin wat die leerling geskryf het met deelneem as skeibare ww.)</i>	1
5.2	Kwalifiserende	1
5.3	Tydens middagete het ek vis geniet, maar 'n <u>graat</u> het in my keel vasgesteek.	1
5.4	Op drie was Bianca tuis in die see; op ses het sy begin branderplank ry.	1
5.5	Om amfibies te wees beteken jy is in staat om op die land en in die water te lewe.	1
5.6	Branders van Hawaii tot Australië is deur die jare deur Bianca aangedurf.	1
5.7	Australiër	1
5.8	<u>om wakker te word/</u> <u>om onafhanklik te wees</u>	1
5.9	Die branderplank waarop Bianca gery het, het haar afgegooi/ Die branderplank waarmee Bianca gery het, het haar afgegooi.	1
5.10	Niemand mik nou vir die Spele in Tokio nie./ Geeneen mik nou vir die Spele in Tokio nie.	1
	<b>TOTAAL:</b>	<b>10</b>

**TOTAAL AFDELING C: 30****GROOTTOTAAL: 60**